

Boekbespreking / Book Review

Vos, Cas & Human, Dirk (reds.). 2007. *Liefde is die grootste: Oor erotiek en seksualiteit*.

Pretoria : Protea Boekhuis. Prys: R145. 430 bladsye. ISBN:978-1-86919-160=3.

In die *Voorsmaak* tot hierdie publikasie gebruik die redakteurs die metafoor van 'n spyskaart om die inhoud daarvan as 'n verskeidenheid van “disse” aan te dui. 'n Mens sou die inhoud dalk iets soos 'n potpourri kon noem – as dit nie vir die deurlopende snoer van liefde en seksualiteit was wat al die bydraes van hierdie pragtige versamelbundel tog enigsins aaneenryg nie, Die sewe-en-twintig essays word in nege onderafdelings verdeel: antieke wêreld(e), Bybelse perspektiewe, poëtiese stemme en 'n kortverhaal, kuns, lewenstyl, lewe en denke, geloof en liefde, reg en erotiek, liggaam en gene. Die skrywers van die verskillende bydraes is almal kenners van die gebiede waaroor hulle skryf. Die uiteenlopendheid van perspektiewe én vakkundigheid bring mee dat 'n resesent soos die huidige geensins al die bydraes na waarde kan beoordeel nie en – al sou dit ook moontlik wees – sekerlik nie binne die bestek van 'n resensie soos hierdie nie! Dat daar in die hele konsepsie van hierdie bundel “musiek sit” is egter baie duidelik!

Ons leef in 'n land en 'n tydsgewrig waarin gender-vooroordele by talle Afrikaners nog springlewendig is. Selfs sommige literêre kritici toon 'n onvermoë om 'n klaarblyklike gay-digbundel soos dié van Johann de Lange (*Nagsweet*, 1991) “binne 'n gay-paradigma te plaas” (vgl. Joan Hambidge se onthullende ontleding hiervan in haar bydrae tot *Liefde is die grootste*). Binne die kringe van Afrikaanse kerkmense in die algemeen en – onnodig om te sê! – ook 'n aansienlike groep teoloë is daar duidelik dieselfde soort onvermoë om die gay-wees van dikwels getroue Christene binne 'n legitiem-kerklike paradigma van gay-wees te verstaan. In hoeverre dit saamhang met steeds bestaande gender-vooroordele sou verder ondersoek kon word. Ongetwyfeld is daar ook die strewe by baie aanwesig om getrou te bly aan die *sola Scriptura*-beginsel (die Heilige Skrif alleen). Juis hierin – in die worsteling met wat die Bybel oor ons homofiele naaste sê – plaas hierdie versamelwerk skitterende materiaal op die tafel. Dit is die oortuiging van hierdie resesent dat geen teoloog of kerklike vergadering wat oor homofilie – in al sy vorme – nadink, by hierdie publikasie verby kan gaan nie. Bydraes soos dié van Andrie du Toit en Gert Steyn oor die Nuwe Testamentiese gegewens rondom homoseksualiteit, saamgelees met die bydrae van Ettienne de Villiers oor die etiese besluitneming rondom hierdie saak, maak – minstens! – duidelik dat enige beroep op die Bybel om kern-homoseksualiteit te veroordeel òf te regverdig irrelevant is.

Rondom hierdie seminale hoofstukke sou 'n mens, soos in konsentriese sirkels, die ander bydraes kon lees. Dít, altans, sou één manier van lees wees – vir wie gerig is op die vroeë oor homofilie. Vir wie langs hierdie roete reis, sou dit aanbeveel kon word om eers by die insiggewende studies oor seksualiteit in die Ou Testament en die Ou Nabye-Ooste stil te staan. 'n Móét-besoek, taamlik vroeg reeds, is die bydrae van Pieter Botha met die opskrif: *Die lyf: fasette van die seksuele en erotiese in die Romeinse Ryk*. Op 'n interessante wyse word die leser hier ingelei in die androsentriese wêreld van die Romeine. Dit is ook asof 'n gordyn gelig word oor 'n, dikwels steeds bedekte, sosio-kulturele agtergrondsdimensie van die Nuwe Testament. Treffend word byvoorbeeld met 'n uitspraak van Plutargus wat omstreeks die tyd toe die Nuwe Testament geskryf is die aansien van 'n soort openbare geleerde gehad het, geïllustreer hóé arrogant en onverskillig sommige mans was oor die gevoelens van die vroue met wie hulle (gedwonge) seks gehad het: “Wanneer ek na 'n restaurant gaan, eet ek vis. Ek gee nie om wat die vis van my dink nie”.

Die afdeling oor liggaam en gene, aan die einde van die boek, is belangrik om die hele saak van kern-homoseksualiteit of wesenlike (“constitutive”) homoseksualiteit beter te verstaan. Veral die laaste opstel, oor die vraag of homoseksualiteit primêr vanuit ’n slagoffer- of vanuit ’n eie keuseperspektief benader moet word, is verpligte leesstof in die heersende teologiese debat oor homoseksualiteit. In ’n goed-gedokumenteerde en fyn-gebalanseerde artikel gaan Johan Buitendag in op sake soos die bio-kulturele verstaan van die mens en sy genetiese predisposisie. Die skrywer vind dit – selfs in die 21e eeu nog! – nodig om ernstig te waarsku teen ’n dualistiese mensbeeld: “Die tyd kan daarom nie gou genoeg aanbreek dat ons ophou praat van ‘siel en liggaam’ wanneer daar na die mens verwys word nie. Dit bevredig ook nie om selfs net die terminologie te gebruik nie, al word geen dualisme bedoel nie” Hy pleit met groot reg daarvoor dat “ons voortaan konsekwent van die *menslike persoon* sal praat. Dit omvat die totale mens in al sy of haar bio-kulturele geledinge.” Buitendag se slotsom oor die vraagstelling rondom homofilie wat hy ondersoek het, is dat die gedrag van mense ’n funksie van oorerflikheid, omgewing en keuses (is). Aan jou oriëntasie kan weinig gedoen word, aan jou geestelike tuiste wel:...Daarom moet die kerk ook altyd ’n warm gemeenskap van gelowiges daarstel waar mense tuis kan kom en sin kan vind. Dit moet ook ’n onderdak kan bied vir die dakloses, ’n nis vir die randfigure van die samelewing”.

Dit kan waardeer word dat hierdie versamelbundel uitgebreid aandag vra vir die belangrikheid van estetiese en poëtiese diskoerse ten opsigte van vroeë erotiek en seksualiteit in ons samelewing vandag. Hierdie voorbeeld moet – spesifiek in teologiese ondersoeke en besluitneming – veel meer navolging vind! Die stiefkind, digterlike verbeelding, moet sy geboortereg in teologiese diskoerse weer begin opeis (vgl. hieroor, byvoorbeeld, die bekende werk van die Amerikaanse kritikus George Steiner: *Real presences*, 1989). Benewens die reeds genoemde opstel van Joan Hambidge bevat *Liefde is die grootste* nog ’n hele aantal hoogstaande artikels wat estetiese aspekte van die vraagstelling uit verskillende hoeke belig. Onder hulle tel die verruklike *Hoekom is daar so baie prentjies van kaal vroue in ons kunsboeke?* van Bertie du Plessis, met sy sosiobiologiese benadering van die kuns van die afgelope bykans 150,000 jaar.

Neem en lees hierdie boek!.

P.P. Kruger

Departement Sistematiese Teologie

Mukhanyo Teologiese Kollege, KwaMhlanga, Mpumalanga